# DIE PLESIER VAN KLEINGOED

**AURORA BIBLIOTEEK**
Linda Nero

'n Moeder en seuntjie kom na die munisipale kantoor. Aangesien dit stil was in die biblioteek, nooi ek die seuntjie om boekies te kom kyk. Hy ontdek toe die *Kielie my magie* boekies (wat 'n geluid maak wanner die magie gedruk word). Dit was 'n belewenis om hom dop te hou. Na elke druk gesels en beduie hy.

Ma het later al geroep dat die seuntjie moet kom, want hulle moet gaan. Ek was besig met ander take toe die soektog na die seuntjie begin het. Einde ten laaste ontdek ons dat die seuntjie in die biblioteek agter 'n doos wegkruip met die boekie styf teen sy bors.

Dit het soebat gekos voordat hy afstand van sy 'praat boekie' gedoen het. Ek het afgelei dat hy 'n plaaskind is wat nog nie aan die wonderwêreld van boeke blootgestel is nie.

**EENDEKUIL BIBLIOTEEK**
Libbie Coetzee

'n Graad twee dogtertjie se boetie het haar biblioteekboek uitmekaar geskeur. Hulle is baie behoeftig, maar sy was bereid om die boek teen vyftig sent en een rand af te betaal. Die dag toe sy haar tweede laaste rand bring, moes jy die gesiggie sien toe ek vir haar sê: 'Ek gee nou vir jou die laaste rand, dan is jou boek betaal.' Intussen het ek die boek met kleeflint en gom probeer regmaak en het dit toe vir haar gegee. Daardie gesiggie wat sê: 'Is dit myne?' Dit was kosbaar!

**LB WERNICH BIBLIOTEEK (PIKETBERG)**
Elsie Basson

- Ons put ons vreugde gewoonlik uit die kleintjies. Hulle is ook baie veeleisend en verg heeltyd jou aandag. Dis altyd snaaks dat wanneer hulle in groepe biblioteek toe kom, hulle mekaar uitlewer en gedurig kom kla. Ons kom toe agter dat hulle reken as die een die ander uitlewer, sy kanse beter is om boeke uit te neem.
- Een jong biblioteekgebruikertjie het altyd gekla as hy vyfuur moes huis toe gaan. Die jaar toe hy standerd ses toe gaan, kon hy nie gou genoeg vir ons sê dat hy nou langer in die biblioteek mag bly nie!

**MONTE BERTHA BIBLIOTEEK (PORTERVILLE)**
Desireé Verhoog

'n Pa en sy drie jaar oue seuntjie (gereelde gebruikers) kom die biblioteek binne met video's wat hulle die vorige dag uitgeneem het. Tom en Jerry was ook by, want die seuntjie is gaande oor hulle.

Nadat ons oor en weer gegroet het, laat die seuntjie ewe ontsteld hoor: 'Tannie, my pa het nie vir Tom en Jerry gebid nie, en ek het gesê Pappa moet vir hulle ook bid. Nou gaan hul seker nie weer vir ons kom kuier nie. Ek dink Pappa hou nie van hulle nie, want elke keer sê Pappa: Al wéér Tom en Jerry.'

Ons kon nie anders as om uit te bars van die lag nie. Ek moes net mooi praat en belowe dat hy weer die video kon kry.

Baie tevrede en in sy skik laat hy weer hoor: 'Ek hou van tannie want tannie hou van Tom en Jerry.'

Wys jou net!

**TP MEYER BIBLIOTEEK (CITRUSDAL)**
Muriël Lategan

Dis Maandagoggend, Oupa Dous kom swaar by die biblioteek aangestap. 'Dag kindjie, gaan dit goed vanoggend?'

'Ja Oupa Dous en met u?'

'So-so kindjie met die gesondheid.'

'Nou hoekom stuur Oupa nie die kinders om die boeke te kom haal nie?'

'Nee kindjie, hulle trek net boeke vir hulleself. Dis altyd die gesoenery en getrouery. Kindjie, ek lees die boeke oor die ou dae, oor die Groot Trek en ons dae se oorloë. Daarom kom ek self, want kyk hier teen die pad kry ek darem so 'n mooi gesiggie en 'n klein kindjie. By die huis is dit net ek en Ouma en die tuin. En nog iets kindjie, as ek by daai deur van jou inkom, kom haal daardie breë glimlag van jou mos vir my.'

Julle weet, daardie Maandagoggend was seker die slegste oggend van die jaar, maar Oupa Dous het onmiddellik my oggend opgevrolik.

**CITRUSDAL BIBLIOTEEK**
Linda Rossouw

'n Tyd gelede kom ons stadsklerk verneem of ek iets in die biblioteek het van Herald Dick.

Maar té bly dat die stadsklerk 'n slag die biblioteek besoek, val ek hier rond in my indekslaaie om die inligting te verskaf. Na baie gesoek, sê ek: 'Nee meneer, ek kry niks!'

'Maar mevrou', sê hy, 'ons moet iets kry, want ons moet nou 'n nuwe wapen ontwerp.'

Toe eers gaan my oë oop. Dis nie iets oor Herald Dick nie, maar heraldiek!

**VELDDRIF BIBLIOTEEK**
Ronél Kritzinger

- 'n Munisipale amptenaar vra so in die verbygaan in die gange vir my of ons 'n boek oor Alzheimer siekte het. Later in die dag vra sy een van my assistente om die boek wat sy vir my gevra het vir haar te bring. Hoe hard ek ook al dink, kan ek toe om die dood nie onthou oor watter onderwerp sy inligting wou hê nie en besluit om haar te bel en uit te vind.
  By navraag sê sy toe: 'Ag shame, dis mos oor Alzheimer's.' Ons het natuurlik dae later nog gegiggel oor my eie vergeetagtigheid.
- 'n Verduideliking vir agterstallige boeke: 'Tannie, ek is jammer, maar ek kry hierdie oorslanings en dan wil ek myself net doodmaak.' Ons het maar die verskoning aanvaar, want ons wou definitief nie 'n lewe op ons gewetens hê nie.
- Ek soek 'n boek oor Neil Armstrong wat die eerste hart oorgeplant het. (Graad ses leerling.)

2004